

**25 Februarie**

**Skrifgedeelte: Numeri 22:1-21**

### **Sy groot kans, maar dit is teen die wil van God**

Uiteindelik breek die kans van sy lewe aan. Die koning van Moab het sy hulp ingeroep. Dit is 'n reuse kontrak. Bileam hoop om miljoene uit die saak te verdien.

Sy pa, Beor, was ook 'n towenaar en spiritis, want die naam Beor beteken "vernietiger". Hy het egter van sy pa die naam "Bileam" gekry. Bileam beteken "volksverslinder". Die vader het gespesialiseer in die vernietiging van individue, maar die seun moet baie groter geld verdien deur volke te verslind.

Daar is egter een groot faktor wat die kontrak kan verongeluk. Daarmee het nóg Beor, nóg sy seun, rekening gehou. Daardie faktor is die ingrype van God in ons lewens, planne en drome. In die heidendom het hulle nooit met 'n werklik lewende God in aanraking gekom nie. Nou loop Bileam hom plotseling vas teen die lewende God van Israel. Tot sy skok moet hy ontdek dat die kontrak nie volgens die wil van God is nie. Die miljoene waarvan hy gedroom het, is meteens net lugkastele. Bileam gee egter nie maklik in nie. Hy wil sy miljoene verdien. Hy gee net tydelik in. Uiteindelik sou hy tog teen die wil van die God van Israel gaan (kyk 28 Februarie).

Ons kry selde 'n groot kans om 'n droom te verwesentlik. Die kans om die Lotto te wen of 'n reuse kontrak los te slaan, is maar skraal. En die ergste van alles is: Die dag as die groot kans kom, sal jy jouself eers moet afvra of dit volgens die wil van God is. Dan breek die uur van worsteling en besinning aan. Dit is beter om arm deur die lewe te gaan en aan God gehoorsaam te wees as andersom. Dus: Laat vaar jou drome, kontrakte en die Lotto as die seën van die Here nie daarop sal rus nie.

*Sing: Psalm 40:4*

*Ds AS Heystek (Akasia)*